

Hoofstuk van die dag: Hebreërs 7

> *… die wet het nie volmaaktheid bewerk nie. Aan die ander kant het ’n beter hoop ingetree, waardeur ons tot God nader. (Heb 7:19)*

Die ou orde van menslike priesters wat mekaar moes opvolg, met

al die voorskrifte wat daarmee saamhang, is afgeskaf omdat dit geen permanente oplossing gebring het nie en swak en kragteloos was (vers 18; vgl Rom 8:3). Dit kon nie krag en lewe gee aan hulle wat die wet onderhou het nie. Die swakplek in die ou orde het in die swakheid van die mens self gelê. Die wet was bloot om vir mense ’n norm te gee om hulle eie lewe aan te meet. Die sin van die ou orde het daarin gelê dat dit die inleiding was tot ’n beter bedeling, wat in Christus beliggaam is. Die skrywer noem dit ’n beter hoop (vers 19) en ’n beter verbond (vers 22).
In die ou bedeling moes mense elke keer weer offers bring. Nou, in Christus, is daar ’n nuwe bedeling. Deur Hom kan ons, en alle Christene van alle tye, tot God nader. In die ou bedeling kon net die hoëpriester God nader vir vergifnis van sonde, maar nou kan almal Christus nader deur sy Gees (vgl Joh 4:23).

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026